April 2009

Jacob Zuma se vergadering

Sedert ons laaste bydrae op hierdie blad na afloop van die Majuba-naweek in Februarie, is die VVK weer ‘n hele ent verder in die pad af met die taak om ‘n verkiesing onder ons eie volk te fasiliteer. Groot dank aan almal wat hulle bydrae daartoe gelewer het!

Op 25 Februarie is ek genooi deur ‘n sub-komitee van TLU SA, bestaande uit ‘n aantal van hulle oud-Presidente, om die VVK se rol en strategie aan hulle uiteen te sit met die oog op moontlike samewerking van TLU SA se kant af. Die sub-komitee sou terugvoer gee aan TLU SA se bestuurstrukture ten opsigte van die gesprek, wat uiters positief verloop het. By skrywe hiervan (26 April 2009) sien ons nog uit na ‘n amptelike besluit deur TLU SA, om ook op staatkundige terrein die wa saam met die VVK te help trek in ons volk se epiese stryd om oorlewing. Die sorgwekkende is dat dit ons 15 jaar geneem het net om met Stap 1 te begin: Die verkiesing van leiers wat met die spesifieke mandaat beklee is om ons eis vir selfbeskikking in ons eie gebied regmatig te kan stel. ALLE hande word benodig!

Op 12 Maart 2009 het ek ‘n radio-onderhoud met Prof. Hendrik van der Wateren (Voorsitter van die Afrikaner Front, ‘n sambreel-liggaam met 25 lid-organisasies waaronder Radio Pretoria, TLU SA, die HNP, GHA en andere) gevoer. Die Afrikaner Front se doelstelling word in sy grondwet uiteengesit as selfbeskiking vir ons volk, en Prof. Van der Wateren het dan ook tydens die onderhoud bevestig dat die Afrikaner Front-bestuur ‘n amptelike besluit geneem het om die VVK se verkiesingsinisiatief te steun. Ons het met dankbaarheid daarvan kennis geneem, en doen hiermee ‘n beroep op alle volksorganisasies wat nog nie lid van die Afrikaner Front is nie, om so gou moontlik julle gewig daar in te gooi. Organisasies wat reeds lede van die Afrikaner Front is word genooi om dringend met die VVK te skakel vir beplanning rondom julle bydrae tot realisering van ons volksverkiesing.

Intussen het ook ‘n klomp hande op die dek bygekom as Registrasie Beamptes en Verkiesing Streek Koördineerders. In laasgenoemde verband is ons dankbaar teenoor Ds. Du Plessis (vir die streek Wes-Transvaal), G.P de Kock (Orania / Noord Kaap), Roché van Heerden (Graaff-Reinet / Oos-Kaap), Kobie van der Hoven (Algemene Verkiesing Streek-Koördineerder en verleen ook hulp aan Sakkie van der Schyff in die streek Noord-Vrystaat), Dr. Pieter Möller (Algemene Verkiesing Streek-Koördineerder), Dr. Corné van der Walt (Chicago, VSA) en Marieke Smuts (België). As iemand vanuit die buiteland in Suid-Afrika op besoek is, hoor ons graag daarvan sodat ons die nodige papierwerk in plek kan kry vir aanstelling as Registrasie Beamptes en Streek Koördineerders oorsee wat ons vele volksgenote in verstrooiing kan bedien om geregistreer te kom. Dit spaar die VVK die onkoste van oorsese reise!

Op 2 April 2009 het ek ‘n voorlegging namens die VVK gedoen by die Afrikaner / Zuma beraad en die strekking daarvan word in die volgende media-verklaring weergegee:

Media-verklaring deur die VVK

na aanleiding van die byeenkoms:

“Afrikaner-leiers in Dialoog met ANC President, Jacob G. Zuma”
gehou op Donderdag, 2 April 2009 te Sandton, Johannesburg

Die Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) was deur die fasiliteerder van die byeenkoms: “Afrikaner-leiers in Dialoog met ANC President Jacob Zuma” na die genoemde byeenkoms uitgenooi. Mnr. Paul Kruger, Voorsitter van die Sentrale Komitee van die VVK, het die byeenkoms op 2 April 2009 bygewoon en ‘n voorlegging daartydens gelewer.

Die Afrikaner-organisasies op die byeenkoms het oor ‘n wye spektrum gewissel van Kerke, kultuur-organisasies, Landbou-organisasies, vroue-organisasies en die Broederbond tot die Orania-Inisiatief. Tydens hulle voorleggings, het geen van hierdie organisasies ons volk se strewe om onsself in ons eie staat te regeer, voorgedra nie.

Mnr. Paul Kruger het die aanwesiges in die volgende terme toegespreek:

1. Dat die Afrikaner- “leiers” op die byeenkoms GEENSINS die politieke leiers van die Afrikaner is, soos wat Mnr. Zuma die leier van sy mense is nie; omdat hulle nie demokraties daartoe verkies is nie, soos wat Mnr. Zuma tot leier van sy belangegroep

verkies is.

2. Dat hierdie sogenaamde Afrikaner “leiers” gevolglik GEEN mandaat het om enige politieke uitsprake namens die Afrikaner te maak nie; en ten beste beskou kan word as leiers van sekere inisiatiewe wat onder ‘n deel van die Afrikanervolk aan die gangis.

3. Dat die Afrikanervolk sedert 1994 inderwaarheid leierloos en polities onthoof is.

4. Dat die Volksraad Verkiesing Kommissie juis besig is om hierdie politieke onthoofding op te los, synde in proses om ‘n Volksraad te laat verkies. Die volksverkiesing wat die VVK in proses is om te fasiliteer, sal ‘n vry; regverdige en demokratiese VOLKSverkiesing wees.

5. In daardie verkiesing word gewone mense tans in die Boere-Afrikanervolk die geleentheid gebied om as kiesers op ons eie kiesersrol te registreer; uit vrye keuse Volksraadslede te nomineer; en nadat die kieserregistrasietydperk afgeloop is, sal hulle uit vrye keuse vir diegene kan stem wat hulle met hulle politieke toekoms vertrou.

6. Eers daarna sal die Afrikaner weer oor politieke “leiers” beskik wat die leiding betreffende ons uiteindelike politieke toekoms kan neem en in sodanige verband namens ons volk sal kan praat.

7. Dit is prakties onmoontlik vir een Regering om in die uiteenlopende behoeftes van verskillende volke te voorsien in een Staat met skaars hulpbronne, deur wetgewing wat almal akkomodeer. Dit is ookdie geval in Suid-Afrika.

8. Dat ‘n wesenlike deel van ons volk nie die huidige Brits-koloniale grense van Suid-Afrika aanvaar nie, en selfbeskikking in ons eie gebied opeis.

9. Dat ons Volksraad, sodra dit tot stand gekom het, hierdie eis sal hanteer ooreenkomstig die vereistes van die Volkereg.

- Paul Kruger
6 April 2009

Intussen werk ek hard aan die draaiboek van die televisie-produksie wat ons gratis by wyse van DVD gaan versprei. Weereens: As iemand interressante video-materiaal het uit welke tydperk ookal, laat weet asseblief!

Julle het sekerlik opgemerk dat ons webwerf ook intussen in ‘n ander klas inbeweeg het, en hiervoor ons opregte dank aan die jonge heer Quintin Diederichs. Ek voorspel dat hy nog diep spore in die vryheidstryd gaan trap! Danksy Quintin se uitsonderlike vaardighede op die internet-terrein is hy gevra om as Openbare Betrekkinge Beampte vir die VVK op te tree, en enigiemand wat ons wil kontak insake e-pos kommunikasie, webwerwe of Internet-navrae kan sommer direk met hom skakel by 076 943 2214 of vvk@drommedaris-golf.com

Ja, en so het die nasionale verkiesing van 2009 intussen verbygegaan sonder - wil ek my verstout om te sê - dat dit ons nader gebring het aan ons strewe om onsself weer in ons eie vaderland te regeer. Van die VVK se kant af is ons dankbaar dat talle vryheidsgesindes wat wel in die nasionale verkiesing gestem het, nou reeds ook hulle gewig ingooi by die volk se eie verkiesing wat die VVK fasiliteer – ‘n verkiesing wat gaan uitloop op ‘n mandaat aan verkose leiers wat die eis vir selfbeskikking sal deurvoer.

Laat ons almal in snelrat inbeweeg met die harde werk op hande; kontak die Sentrale Komitee met enige vorm van hulp wat jy kan aanbied, en onthou dat ons niks beter of slegter is nie as ons voorouers wat net sulke geweldige uitdagings te bowe moes kom – en te bowe gekom het – ter wille van vryheid. ONS KAN DIT OOK DOEN, ONS GAAN DIT OOK DOEN!
Groetnis tot volgende keer.

“Sukses is nie ‘n ongeluk nie – dit is die resultaat van ‘n intelligente poging”

- Paul Kruger